HOËRSKOOL STRAND

**WAAR JONG ARENDE SWEEF!**

# ARENDNUUS 8 - SEPTEMBER 2022

## TOP 10 AKADEMIESE PRESTEERDERS - KWARTAAL 3

Hoërskool Strand maak met trots die name van die top 10 akademiese presteerders vir kwartaal 3 bekend:

### GRAAD 12




| NO. | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | KIRA POTGIETER | 88,6 |
| 2 | NIKA VAN VUUREN | 88,1 |
| 3 | DYLAN SWARTS | 87,4 |
| 4 | LIEN HOOGENBOEZEM | 86,6 |
| 5 | MICHELLE PRETORIUS | 84,6 |
| 6 | JESSICA COETZEE | 84,4 |
| 7 | KARMEN VENTER | 83,4 |
| 8 | JANLO SMITH | 83,3 |
| 9 | ANNE SWART | 83,0 |
| 10 | CHANTÉ VAN RENSBURG | 82,0 |

### GRAAD 11



| NO. | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | CARLA PUNT | 96.7 |
| 2 | CARLA HAUGHTON | 92,4 |
| 3 | JD LE ROUX | 90.0 |
| 4 | CELENTIA JANSE VAN VUUREN | 89,9 |
| 5 | LUKA AHLERS | 89.7 |
| 6 | NICOLE MALAN | 89.1 |
| 7 | CARLI VD WESTHUIZEN | 88,7 |
| 8 | JOSUA BEZUIDENHOUT | 87.4 |
| 9 | KARLA ADENDORFF | 87.3 |
| 10 | BEANCA VAN NIEUWHOLTZ | 86,4 |

### GRAAD 10



| NO. | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | KAYLA SWARTS | 94,6 |
| 2 | JANÉ SWART | 93,6 |
| 3 | NATHAN NEL | 92,1 |
| 4 | LEE-ANN TALJAARD | 91,4 |
| 5 | LEONÉ ANTHEA SMITH | 90,4 |
| 6 | LELANIE ADELE VAN ROOYEN | 89,4 |
| 6 | JADA SNYMAN | 89,4 |
| 8 | DONNÉ OOSTHUIZEN | 89,0 |
| 9 | CORNÉ VERSTER | 88,1 |
| 10 | CAITLIN CORNELIUS | 87,6 |

### GRAAD 9



| NO. | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | EMILY LANDMAN | 95,8 |
| 2 | NADINE PRETORIUS | 94,4 |
| 3 | KRISTEN THIART | 92,3 |
| 4 | JANA VAN VUUREN | 92,1 |
| 5 | DG OLIVIER | 91,1 |
| 6 | MIA MYBURGH | 90,9 |
| 7 | KEAN VAN COLLER | 90,0 |
| 8 | DANIËL THERON | 88,1 |
| 9 | BERNARD VAN STADEN | 86,6 |
| 9 | LAROCHÉ WEYER | 86,6 |


### GRAAD 8



| NO. | NAAM EN VAN | % |
|---|---|---|
| 1 | SUMARI WALSER | 94,9 |
| 2 | LOUNIËL DE BEER | 93,7 |
| 2 | DUANE LOMBARD | 93,7 |
| 4 | THANÉ DE BEER | 92,9 |
| 5 | SIMONÉ BOTHA | 92,7 |
| 6 | RENÉ ROUX | 91,1 |
| 7 | NICOLE ERASMUS | 90,1 |
| 8 | KYLE NEL | 89,6 |
| 9 | ANIA RAINIER | 89,3 |
| 10 | AMOR OOSTHUIZEN | 89,2 |

## UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD WISKUNDE-KOMPETISIE

- me. E. Loedolff



Die Universiteit van Kaapstad se wiskunde-kompetisie is vanjaar weer by die skole self geskryf. Sewe en twintig leerders het meriete-sertifikate ontvang, aangesien hulle onder die top 200 individue of top 100 pare geëindig het. Kayla Swarts (gr. 10) is na die prysuitdeling genooi, aangesien sy HS Strand se toppresteerder was.

Baie geluk aan die volgende leerders wat meriete-toekennings ontvang het:

**GR. 8**
Duane Lombard
Chenè Myburgh
Sumari Walser
Louniël de Beer
Kyle Nel en Ryno Zwemstra

**GR. 9**
Emily Landman
Nadine Pretorius
Daniel Theron
Kristen Thiart
Kean van Coller
Kyle Steyn  Michael Kinghorn

**GR. 10**
Nathan Nel
Cornelius Schuch
Kayla Swarts
Corné Verster
Freddie Edwards en Greg Meyer

**GR. 11**
Carla Punt
JD le Roux
Atala van Coller

**GR. 12**
Janlo Smith
Dylan Swarts
Nika van Vuuren
Lien Hoogenboezem en Daniël Hendriks

WISKUNDE & FISIESE WETENSKAPPE
HERSIENING: EINDEKSAMEN
Maak gereed vir jou eindeksamen!
Eindig die jaar op 'n hoë noot met individuele lesse en persoonlike aandag.
Kontak ons vir meer inligting
STRAND
071 365 0668
strand@mastermaths.co.za
www.mastermaths.co.za



## ENGLISH OLYMPIAD STRIKES GOLD

- Mrs M. van Wyk

This year's group of English Olympiad participants had the theme "Brave New World" based on the book of the same name by Aldous Huxley. We read through and engaged with poems, short stories and novel extracts which looked at where the world is heading and what it could be like in the future - both near and far.

We had some fantastic results in English Home Language: Carli van der Westhuizen and Benneline Kruger received gold (and full colours) for their examination and Nathan Nel, Lee-Ann Taljaard, Karla Adendorff, Beanca van Nieuwholtz, Lien Hoogenboezem, Michaela Snyman and Chanté van Rensburg all received silver (and half colours) for their olympiad entries. We also had our first ever grade 10 English First Additional Language learner entering, Ruth November; she received a merit award.

Well done to all our candidates and we look forward to seeing how well you do in next year's examination!

DE JAGERS
Sedert 1955
Jou eenstop mode & skooldrag voorsiener.

# TWEE TOEKOMSTIGE RUIMTENAVORSERS VERKEN DIE KOSMOS


- me. M Human

MaxiIQ Space bied opvoedkundige programme aan wat toekomstige ruimtenavorsers inspireer en vaardighede soos navorsing en eksperimentering aanleer. Digitale “modular electronics” word gebruik om ’n CubeSat te bou.

Intelsat het hierdie jaar die program geborg waaraan Armand Smit en Michelle Pretorius deelgeneem het. Net 62 uit 291 aansoeke van oor die hele Afrika is gekeur om aan die program deel te neem. Na verdere onderhoude is beide Armand en Michelle by ’n groep van 31 studente ingesluit. Hulle het Xinabox-“modular kits” ontvang waarmee temperatuur, humiditeit, ligintensiteit, grondvog en UV-strale gemeet kan word. Hierdie data word aan ’n aanlyn dataversamelingsnetwerk gestuur. Tydens ses werkswinkels op Saterdae het hulle geleer om met hierdie elektronika te werk en dit dan toe te pas volgens een van die volhoubare onwikkelingsdoelwitte van die VN. Gedurende die werkswinkels het hulle ook van “IoT” geleer. Hulle het elke week opdragte en ook groepwerk ontvang wat tot ’n mega-ondersoek aan die einde van die program gelei het.

Baie geluk aan Armand en Michelle wat hierdie program voltooi het. Michelle het ’n prys gewen vir die hoogste gemiddeld in al die opdragte.

Hoërskool Strand is trots op leerders wat die buitengewone vermag, ten spyte van hul druk akademiese en buitemuurse programme.








CALVINIA
VLEIS MEAT
Hantam Lam

# ATKV-DIGIKUNS

– me. Erna Groenewald

Nicolene Norval in gr. 12 en Shaun Jimenez in gr. 10 het aan die ATKV se digitale kunskompetisie deelgeneem. Die tema vir die kompetisie was: “Lank, lank gelede”. Nicolene het twee werke ingeskryf wat albei die tema verteenwoordig het, nl. ”Freddie Mercury” (akriel op doek) en “Nuwe Lewe” (gemengde media op doek). Shaun het ’n potloodtekening van sy ouers se troudag ingeskryf.

Nicolene en Shaun het albei ’n A++ vir hul kunswerke behaal. Dit is ’n uitstekende prestasie vir hierdie landswye kompetisie.



Nicolene Norval, ‘’Freddie Mercury’’



Nicolene Norval, “Nuwe Lewe”






Shaun Jimenez, “Mr.&Mrs”




Nicolene het verder ook aan die Kaapstad Eisteddfod deelgeneem waar sy twee goue sertifikate verwerf het en by die Stellenbosch Eisteddfod was sy ’n medaljewenner vir gr. 12-skilderkuns met haar surrealistiese skildery “Stasie”.



# TALENTVOLLE LEERDERS VEREER VIR HUL WOORDKUNSVAARDIGHEDE

- me. L. Badenhorst

Na afloop van die Helderberg Eisteddfod is die volgende leerders met spesiale toekennings vir hul puik prestasies vereer:





SERTIFIKAATWENNERS:

| | | |
|---|---|---|
| Lexi Botha | Enkel hoogste % in graad 8 | English Poetry |
| | Enkel hoogste % in graad 8 | Mimiek |
| Suri-Su Matthews | Enkel hoogste % in graad 9 | Poësie |
| Keaton Dupper | Enkel hoogste % in graad 11 | English Monologue |
| Vincent Kruger | Enkel hoogste % in graad 12 | English Monologue |
| Clint Williams | Enkel hoogste % in graad 12 | English Poetry |
| | Enkele hoogste % in graad 12 | Gedramatiseerde Prosa |




MEDALJEWENNERS:

| | |
|---|---|
| Lexi Botha | Hoogste gemiddelde % in graad 8 |
| | Hoogste gemiddelde % in Graad 8 |
| Suri-Su Matthews | Hoogste gemiddelde % in Graad 9 |
| Keaton Dupper | Hoogste gemiddelde % in graad 11 |
| Clint Williams | Hoogste gemiddelde % in graad 12 |

TROFEES:

| | |
|---|---|
| Keaton Dupper | "Blue diamond"-wisseltrofee vir uitstaande prestasie in die Gevorderde Fase |
| Clint Williams | "Sprankelster" - wisseltrofee vir uitstaande prestasie in die Gevorderde fase |
| | "Bennie Kruger" - wisseltrofee vir uitstaande prestasie in Veelsydigheid |




Hoërskool Strand is trots op leerders wat onverpoos skaaf aan hul Godgegewe gawes.

Die tyd het ongelukkig ook aangebreek om van twee baie spesiale matriekleerders afskeid te neem: Clint Williams en Vincent Kruger het vir 'n volle vyf jaar getrou aan beide die Stellenbosch- en Helderberg eisteddfods deelgeneem. Beide het oor die jare 'n magdom Cum laude-toekennings in verskeie afdelings verwerf. Clint Williams is elke jaar, keer op keer, by beide eisteddfods met die mees gesogte trofees en bekers vir toewyding en uitsonderlike prestasies in sy kunsvorm beloon. Hoërskool Strand eer hierdie twee begaafde Arende. Mag julle stemme nog lank gehoor word!




Dis nie altyd maklik om jou eie finansiële besluite te neem nie. Met 'n Sanlam finansiële beplanner is jy by iemand wat dieselfde dinge as jy wil hê. Ons geakkrediteerde adviseurs kan jou deskundige advies gee en jou help om 'n finansiële plan op te stel wat jou kan help om jou doelwitte te bereik, sodat jy met sekerheid kan lewe in die wete dat jy op koers is na 'n beter finansiële toekoms.

Ons kan jou behulpsaam wees met:

- Finansiële beplanning
- Aftrede
- Lewensversekring
- Korttermynversekering
- Beleggingsbeplanning
- Testamente en trusts

Skakel ons by **FinPrufe Wealth BlouSter** sodat ons kan gesels oor hoe ek jou kan help om finansiele sekerheid te verkry.


**Theunis Steyn**
Direkteur
02188 0 6610


**George de Kock**
Direkteur
021 880 6609


**Andre Wethmar**
Finansiële Beplanner
083 766 6822


**Alto de kock**
Finansiële Beplanner
082 215 6673


**Johan Krause**
Finansiële Beplanner
082 452 7036


**Christoff Steyn**
Finansiële Beplanner
072 658 1906


**Bradley Abrahams**
Korttermyn-versekering
061 498 1080


**Hendrik Swart**
Korttermyn-versekering
082 463 4168

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP43)

Sanlam
Lewe met sekerheid

# TI AMO MAAK 'N VERSKIL

– me. S. van Rensburg

September is die begin van 'n nuwe seisoen. Vir Ti amo was dit die begin van 'n splinternuwe projek: Ons het as skool hande gevat om die inwoners van Huis Jan Swart te bederf.

Elke graad was verantwoordelik vir 'n sekere deel van hulle bederfpakkies. Elke pakkie het warm sjokolade, malvalekkers, sagte lekkers, koekies en 'n spesiale handgeskrewe briefie bevat. Dankie aan elke leerder in die skool wat ons hiermee gehelp het.

Dit was 'n wonderlike middag waar ons kon lag en gesels en hulle dag 'n bietjie ophelder.






# MUURBALTOEKENNINGSFUNKSIE

– me. H. Terblanch

Die jaarlikse muurbaltoekenningsfunksie op 23 September by Strand Muurbalklub het weer eens gesorg vir welverdiende toekennings:



BEKERWENNERS:

| | |
|---|---|
| Beste vordering o.15 seun: | George Landman |
| Beste vordering o.15 dogter: | Sumari Walser |
| Beste vordering o.19 seun: | Kyle Hart |
| Beste voredering o.19 dogter: | Elrie pienaar |
| | |
| Beste o.15 seun: | Kyle hart |
| Beste o.15 dogter: | Elrie pienaar |
| Beste o.19 dogter: | Elana Hay |
| Beste o.19 seun: | Jaco Momberg |
| | |
| Sportmanskap – seuns: | Johan van Deventer |
| Sportmanskap – dogters: | Aneldi Morkel |
| Leierskap: | Elana Hay |
| Aanhou en wen: | Heinrich Rossouw |
| Mees toegewyde speler: | George Landman |
| Beste spanprestasie: | o.19A seuns |













# TENNISNUUS

- me. Lydia Opperman

## O.16-SEUNS EN -DOGTERS NEEM AAN DIE PNB PARIBAS CAPE TOWN UITDUNTOERNOOI DEEL

Die nuwe tennisseisoen het met 'n uitduntoernooi afgeskop. Spelers het die gulde geleentheid gekry om hul spelpeil teen spelers van ander skole te meet. Hoërskool Strand was op Vrydag, 9 September, die gasheer vir die o.16-dogters, terwyl Hoërskool Bellville as gasheer vir die o.16-seuns opgetree.

Die dogterspanne het as volg presteer: 1. Curro Durbanville, 2. Stellenberg, 3. Three Anchor Bay, 4. Strand, 5. Bellville.
Die seunspan het Vrydag tweede in hulle groep geëindig, maar ongelukkig in die finale ronde teen Curro Durbanville met 1-2 verloor. Die span palm die 3de plek in: 1. Curro Durbanville, 2. Bellville, 3. Strand Hoërskool, 4. Melkbos, 5 Stellenberg, 6. Three Anchor Bay




Talita Coetzee, Mia Ter Haar, Emily Landman en Benneline Kruger.



George Landman, Paul Roos, Izak Burger en Bernard van Staden.



# TOUTREKKERS DING INTERNASIONAAL MEE

- me. H. vd Merwe

Vier toutrekkers is in seniolr damespanne opgeneem en het van 12-23 September aan die Wêreldtoutrek-kampioenskap te Holden, Nederland deelgeneem: Zounica van der Merwe (oudleerder, 2020), Stephie Visser (gebore Sheppard, oudleerder 2016 ), Melizza van der Merwe ( gr.11) en Tara Kruger (oudleerder, 2020).






Melizza van der Merwe het in die ope klubkampioenskap en die geslote wêreldkampioenskap meegeding. Haar span, die Goudini 500 kg dames o.23-span, het 'n silwer medalje ingepalm. Sy het ook as lid van die Breederivier 520 kg o.19 gemengde span, 'n tweede silwer medalje verower.

Voorwaar 'n puik prestasie vir hierdie toegewyde jong toutrekker!







**Benefits:**

- Energy creation: Helps convert food into energy.
- Protein formation: Helps create new proteins from amino acids.
- Gene maintenance: Helps create and repair DNA and RNA.
- Muscle movements: Is part of the contraction and relaxation of muscles.
- Nervous system regulation: Helps regulate neurotransmitters, which send messages throughout your brain and nervous system.
- It may boost exercise performance.
- Magnesium fights depression.
- High levels of stress depletes magnesium. Magnesium is vital to the brain as it's a part of almost every part of stress response, recovery and repair.
- It has benefits against Type 2 Diabetes.
- Magnesium can lower blood pressure.
- It has anti-inflammatory benefits.
- Magnesium can help prevent migraines.
- It reduces insulin resistance.
- Magnesium improves PMS symptoms.
- Magnesium is safe and widely available.

# KRIEKETSEISOEN SKOP AF

- mnr. A. Louw

Op 30 Augustus 2022 het Hoërskool Strand se krieketseisoen amptelik afgeskop.

Tydens 'n gesellighеid in die skool se Glaskas is die span se nuwe spandrag aan hulle oorhandig. Mnr. Machiel van Olst van King Pie, die hoofborg vir krieket, het by hierdie geleentheid die span se klere aan hulle oorhandig en hulle sterkte vir die seisoen toegewens.

Hierdie seisoen het mnr. en me. Martin, asook mnr. en me. Drotskie, geld geskenk vir groen krieketklere wat tydens 20/20-wedstryde gebruik gaan word. Dit is beslis 'n nuutjie vir Hoërskool Strand se krieket en in lyn met internasionale gebruik.

Tydens hierdie geleentheid is Daandré Walker as die nuwe kaptein en Daniël Theron as onderkaptein aangewys. Daar is ook 'n erepet aan die vorige kaptein, Chris Jurgens, toegeken, aangesien hy die skool se eerste krieketspan in meer as 50 wedstryde verteenwoordig het. Die hartseer is egter dat hy die eerste span waarskynlik in meer as 100 wedstryde sou verteenwoordig het as dit nie vir die Covid-pandemie was nie.

Die uittredende eerstespanspelers, Chris Jurgens, Liam Dijk en Donavan Brooks, asook die tellinghouer Caila Gründer, het ook klere ontvang om die nodige eer aan hulle te bewys.

Daandré Walker, Jaylone Lombard en Nicholis Martin het ook trofees vir uitsonderlike boulwerk ontvang. Die kriteria het bepaal dat hulle in 'n boulskof meer as 5 paaltjies moes inoes.



# STRAND GHOLF SLUIT SEISOEN SUKSESVOL AF

- mnr. M. Pelser

Ons gholfspanne het op Maandag, 5 September, aan die finale ronde van die gholfliga by King David Mowbray deelgeneem en uitstekend gevaar. Die eerste span verloor ongelukkig in die finale ronde teen Combined Schools en eindig tweede in die liga. Hulle ontvang 'n silwer medalje. Die tweede span wen teen King David Mowbray en eindig derde in hul liga en verdien 'n bronsmedalje.



Agter: Uwen Januarie, Daniel Theron, Christian de Jager, mnr. Pelser, Elwee Coetzee en Canzius Erwee Voor: Cloete de Jager.



Agter: mnr. F. Verwey, Liam Dijk, Durand van Deventer en Dyllan Rogers. Voor: Dante Pelser, Nicholas Martin en Louw du Toit.







Flaméros

CHICKEN GRILL

Hisense
life reimagined

# HERITAGE MONTH
## LEISURE REIMAGINED





H750FSB-ID

## MULTI-DOOR REFRIGERATOR

**Features**
- Ice and water dispenser
- Triple zone
- My fresh choice
- Antibacterial guard
- Durable inverter

Was R46 999 **NOW R39 999**

+FREE DELIVERY R400



H690SS-IDL

## SIDE BY SIDE REFRIGERATOR

**Features**
- Ice and water dispenser
- Touch electronic control
- Total no frost
- Non-plumbed water tank
- Multi air flow

Was R16 999
**NOW R15 499**
+FREE DELIVERY R400



H700SMI-IDL

## SIDE BY SIDE REFRIGERATOR

**Features**
- Premium glass door design
- Ice and water dispenser
- Touch electronic control
- Chrome wine rack
- Non-plumbed water tank

Was R24 999
**NOW R19 999**
+FREE DELIVERY R400

Ends: 2 October 2022

★★★★★
# HIRSCH'S



Allan & Richard Hirsch
Shopkeepers

## CAPE TOWN:

Milnerton 021-528 6700 · Somerset West 021-001 1066

Hirsch's Milnerton: 454 Koeberg Road

Hirsch's Somerset West: 7 Dynagel Road, Firgrove Rural

Hirschs.Homestore · 060 688 4840 · Hirschs_Homestores